Tema: God maak ons stukkende wêreld heel.

LOFSANG MET DIE OOG OP DIE EREDIENS
Lied 184: 1, 2 en 4
Lied 464: 1, 3 en 4

ONTMOETINGSDIENS
Intreelied Ps. 19–1: 7
Votum
Seën
Loflied Sb 6–2: 1, 2, 3 en 4
Gebed

WOORDDIENS
Skriflesing: Genesis 1: 31, 2: 15 – 18 en 3
Teksvers: Genesis 3: 21
Woordverkondiging

ANTWOORDDIENS
Gebed
Liefdegawe; Sing Sb 18–6: 1 – 5 :
Beurtsang: Vers 1 almal, vers 2 srs, vers 3 brs en 4 en 5 almal
Seën
Amenlied Sb 13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons leef in ’n stukkende, gebroke wêreld. As mens na die mensdom kyk dan sien verskriklike ellende. Daar is geweldige armoede, honger, siekte, dood en allerhande ellendes wat die mens tref. Kyk jy na menseverhoudinge dan sien jy die chaos van stukkende harte en gebroke emosies. Daar is mense wat hulle liefde op gebroke wyse uitleef binne die huwelik en daarbuite. Daar is die onbegryplike leed van verkragtings, kindermishandelings en gesinsgeweld Daar is die vernietigende gevolge van oorlog waarin volke mekaar haat en doodmaak. Dit is waarlik ’n ellendige toestand.

As elkeen van ons oor ons eie lewe nadink, dan sien ons ook die stukkende en gebroke dinge van ons eie lewe. Die gespook en spartel om te werk en ’n bestaan te voer. Die stryd wat ons met ons eie sonde het en die spoor van vernietiging wat ons daarmee agter ons laat. Ons eie gebroke menseverhoudinge. In ons eie huwelike, gesinsverband en met ons naaste. Die bydrae wat ons lewer om die wêreld rondom ons nog verder te vernietig met aardverwarming, die vernietiging van die natuur deur die vergrype van die mens.

In die gemeente is daar lidmate wat hulle werk verloor, wie se huwelike aan skerwe lê en wat deur diep beproewinge gaan.

Br. en sr, as jy na hierdie dinge kyk dan begin ’n mens vrae vra oor God en hierdie stukkende wêreld waarin ons ons bevind. Hoe pas God in hierdie stukkende prentjie? In ’n poging om hierdie vraag te beantwoord maak baie gelowiges die fout om die mooi teks in Rom. 8: 26 te neem waar daar staan: “dat God alles tot ons beswil beskik” , maar dan maak hulle ’n foutiewe afleiding daarmee. Hulle kom tot die verkeerde konklusie dat as alles God se wil is, dan moet dit mos God se skuld wees dat die wêreld en my lewe lyk soos dit lyk. As dit dan God se wil is, dan is Hy die oorsaak van alles.

Br en srs, hoe voel jy oor God se plek in jou lewe? Hoe sien jy God in hierdie prentjie van die stukkende wêreld waarin jy leef? Soek ons dalk ook iemand om die skuld op te plaas? Dit is eie aan die aard van die mens om nie sy eie skuld te erken nie en daarom word iemand anders of God dalk blameer vir die ellende wat ek moet beleef.

Kom ons hoor wat God vanaand vir ons sê oor sy rol in hierdie stukkende wêreld. Waar kom die ellende vandaan? Hoekom lyk dit soos dit lyk? En wat doen God hieraan? Geliefdes, die boodskap is dan: **God is in jou stukkende wêreld, Hy is besig om dit heel te maak.**
Die Here is nie die oorsaak van hierdie kwaad nie, die mens self het hierdie ellende oor hom gebring en God is besig om dit heel te maak. Hy trek vir ons, wat kaal staan in ons ellende, klere aan. Hy bedek ons sonde en Hy beskerm ons.

Brs en srs, teen die agtergrond van Genesis 2 en 3 maak ons teksvers vir ons God se rol in hierdie stukkende wêreld oop ’n besonder manier duidelik. In Genesis 1: 31 het ons gelees dat God hierdie wêreld pragtig en volmaak geskape het. Hyself het gesê: God het alles volmaak geskape. In Genesis 2 het ons gelees dat Hy hierdie wêreld vir die mens gegee het om daarvoor verantwoordelikheid te neem. Die mens moes dit bewerk en dit geniet.

Maar die mens is ook voor ’n keuse gestel. Die Here gee die mens ongelooflike vryheid en voorregte. Hulle kan van al die bome in die tuin geniet. Die mens het alles. Maar ….daar is een boom waarvan hulle nie mog eet nie. Die mens se gehoorsaamheid aan God word getoets. En die boodskap was baie duidelik: as julle van daardie boom eet sal julle sterwe. As julle my gebod verontagsaam, breek julle hierdie wêreld stukkend. Dan bring julle dood en vernietiging in die wêreld.

En dan lees ons in hf. 3:1 van die listige planne van die duiwel. Hy wat alreeds volgens Open 12 in die hemel in sonde geval het, wil nou ook God se skepping vernietig. Hy wil hier ook opstand teen God bewerk. En met ’n leuen, dat hulle soos God sou word, verlei hy Adam en Eva, om aan God ongehoorsaam te wees. En deur hulle ongehoorsaamheid val hulle in sonde en bring hulle die dood, ellende en verwoesting in die wêreld.

Maar nou is dit baie opmerklik: wat was Adam en Eva se eerste gewaarwording na hulle sondeval? **Hulle word bewus – nie van die feit dat hulle soos God geword het nie, maar van die feit dat hulle kaal is!!!** Wat deur God goed en volmaak geskape was, word nou deur die sonde iets om oor skaam te wees. Hulle naaktheid, brs en srs, was nie maar net die feit dat hulle mekaar nou met sondige oë beskou het en skaam geword het nie, nee, hierdie naaktheid is ook simbolies vir die ellendige toestand waarin die mens nou verkeer. Deur die sonde het die mens kwesbaar geword, hulle is as’t ware kaal teen die sonde, daar is niks wat hulle nou meer beskerm nie. Hulle naaktheid wys hulle ellende aan.

Wat was die gevolge van hierdie oortreding? Hulle bring God se straf op hulleself en dompel hulleself so in ellende. Die straf vir die slang was vyandskap tussen die slang en die mens. Hierdie vyandskap is die stryd met die sonde waarmee ons tot vandag nog mee besig is. Vir die vrou is daar liggaamlike en geestelike straf. Met pyn en smart sal sy lewe skenk en sy sal na haar man hunker. En vir Adam, die man, eintlik staan daar “mens” , is daar ’n geweldige straf: Deur die mense se toedoen word die aarde word vervloek – dit word onderworpe aan ellende en smart. Hierdie ellende en smart kom in die mens se arbeid wat nou met groot moeite en swaarkry vrug oplewer. Ook die natuur word aan ellende onderworpe met dorings en onkruid wat alles verdring en verwoes, en die grootste van alles: mens sal sterf. Die dood kom in die wêreld. Ja**, die mens staan nou kaal – ontbloot voor die ellende wat hy oor homself gebring het.**

Brs en srs, die ellendige toestand waarin die wêreld is, is dus die mens se eie skuld. Dit is nie God se skuld dat ons wêreld so lyk soos dit lyk vandag nie – dit is die gevolg van ons sonde**. Ook ons eie sonde. Ons moet dit erken**. Ons moenie soos Eva en Adam die skuld op die slang of op mekaar plaas nie, maar ons moet ons skuld aan ons eie ellende erken. In Klaagliedere 3 staan daar: dit is teen sy sin dat God beproewing in die mens se lewe bring, maar Hy gebruik dit tot ons beswil. Dit is immers ook wat Romeine 8: 26 beteken: **God is nie die oorsaak van die ellende nie, maar Hy is by magte om dit tot ons beswil te beskik.**

Want, brs en srs, kyk wat doen God direk na sy straf op die mens se sonde: Hy **betoon genade! Dit wat die mens in stukke laat val het, begin God word heelmaak.** Toe Adam en Eva sien dat hulle kaal is, probeer hulle op gebrekkige manier hulleself bedek met vyeblare. Maar dit was maar ’n powere menslike probeerslag. **God kry hulle jammer in hulle naaktheid en Hy maak vir hulle klere van velle en trek dit vir hulle**

aan. Die Here begin om heel te maak. Hy doen dit geestelik en liggaamlik: Hy maak toe wat sonde ontbloot het en Hy gee beskerming teen die natuur wat nou nie meer die mens goedgesind is nie, maar wat die mens met koue en hitte aan ellende sal onderwerp.

Ja, God kom maak heel wat ons in ellende gedompel het. Die mens kon nie regmaak nie daarom moet God kom regmaak. Hy betoon genade aan ons. En die hoogtepunt van **God se genade het Hy in Christus aan ons bewys**. Christus moes ook in hierdie sondige en ellendige wêreld inkom om ons te bevry van die oordeel van God. Het u al mooi daarop gelet hoe Christus volkome die straf van God op Adam en Eva en daarom ook ons straf kom dra het:
1. Die aarde is vervloek – so het Christus ook ’n vervloeking aan die kruis geword.
2. Die mens se arbeid het pyn en lyding geword: Christus se hele lewe en reddingswerk wat pyn en lyding om ons daarvan te verlos.
3. Die aarde was onderworpe aan dorings – so ook Christus met dorings op sy kop wat sy bloed laat vloei het.
4. Die mens sou stof word. Hy sou sterf – So het Christus ook gesterf om God se straf op ons sonde te dra.

Maar Hy staan op uit die dood! Hy herstel wat die mens vernietig het!. Hy kom doen wat die mens nie kon doen nie – Hy kom trek vir ons nuwe klere aan. Meer nog **– Hy is die nuwe kleed van God waarmee God ons sonde bedek , ons geestelik herskep en ons lewe, te midde van ellende, weer sinvol kom maak**. Hy bring vir ons geloof, hoop en liefde. Hy maak die lewe weer vreugdevol! **Deur sy Gees is** die Here vandag nog besig om die gebroke wêreld heel te maak. Toe Christus terugkeer na die volmaakte van die hemel het Hy sy Gees gestuur om ons in hierdie gebroke wêreld te help regmaak.

Brs en srs, deur God se genade in Christus, ons Here, het ons lewe weer sinvol geword. Hy verander die vloek na God se seën oor ons. Hy maak dat ons arbeid vandag weer wonderlike vrug oplewer. Met sy krag en genade is dit nie net meer moeite en pyn nie, **maar ook ’n lus en ’n vreugde om die Here te dien**. **Hy maak dat ons nou medewerkers kan wees in God se koninkryk. Ons kan nou selfs help om reg te maak wat** ons verbrou het.

Deur sy genade word ons doring en dissels, ons beproewinge en versoekinge, iets wat ons kan verdra en weet dat God dit tot ons beswil sal beskik. Hy het immers in Rom. 8 belowe dit niks ons ooit van sy liefde sal skei nie. En grootste van alles, dit is nie net hierdie lewe wat deur God herstel word nie, dit is ook ons ewige lewe. Want deur Christus se opstanding is die dood nou vir ons nie meer ’n straf nie, maar ’n deur na God en na ons ewige bestemming by Hom. Ons lewe is weer heelgemaak en God is besig met sy heelmaakwerk totdat Hy die nuwe aarde vir ons gaan gee.

Brs en srs, die klere wat jy vandag aanhet en die klere wat jy elke oggend aantrek is simbool van God se helende teenwoordigheid in ’n stukkende en gebroke wêreld. Dit is elke dag ’n tasbare bewys van God se genade aan stukkende mense in ’n stukkende wêreld. Jou klere is teken dat God hier is en dat Hy steeds besig is met sy herstelwerk.

Ook in jou lewe. Die Here maak ook maak heel wat in jou lewe stukkend geword het. Hy trek ook vir jou wat jou kaal voor God laat staan, klere aan. Brs en srs en kinders, gaan ook na **God toe as jou Kleremaker**. Gaan met jou naaktheid, jou sonde, jou beproewinge, jou versoekinge**, gryp vas aan God se genade dat Hy ook vir jou klere**

kan aantrek. Dat Hy in Christus jou kas vol klere kan maak dat Hy ook jou lewe kan heelmaak of minstens bedek sodat jy beskerm en veilig is.

Maar geliefdes, die Here maak nie net my lewe heel nie. Hy maak ook deur my die wêreld heel. Hy doen dit ook deur ons. Hy het vir Adam en Eva klere aangetrek, Hy het vir ons klere aangetrek, en ons moet met dieselfde liefde en genade waarmee God ons geklee het, ook hulle wat nog geestelike en liggaamlik kaal is, klere gee. **Deur die boodskap van God se helende optrede in Christus te verkondig, deur self ook helend op te tree in die stukkende wêreld moet ons die kaal mense van die wêreld klere gee. Met h**

Anders as wat sovele mense dink en glo: naamlik dat God nie meer in hierdie stukkende wêreld teenwoordig is nie – **is ons klere 'n simbool en ons herstelde lewe die bewys dat God hier is, teenwoordig is, en dat Hy besig is om hierdie stukkende wêreld reg te maak.** Ons helende optrede is 'n bewys van God se werk in hierdie wereld.

Daarom kan ons met soveel hoop, blymoedigheid en positiewe geloof leef en die klere wat God ons gegee het aantrek maar ook uitdeel totdat Hy kom om finaal hierdie wêreld te herskep en weer vir ons 'n volmaakte lewe te gee. Ja, 'n ewige lewe waar ons nie meer klere sal nodig hê nie – het u al so daaroor nagedink? . Waar sonde en dit wat sonde verteenwoordig nie meer nodig of sigbaar sal wees nie, maar 'n volmaakte wêreld sonder vervloeking, sonder moeite, sonder dorings en sonder die dood.

Br en sr, elke more as jy voor jou kas staan en besluit wat om aan te trek, dank die Here vir jou klere. Daardie klere is simbool van die Here se liefde vir jou, sy genade aan jou en sy belofte aan jou – dat Hy jou lewe heel maak, in hierdie wêreld nog nie volkome nie, maar jy is bedek – In Christus is jy beskerm en veilig. En eendag sal ook jy wat in Christus glo: 'n volmaakte nuwe lewe ontvang – waar daar nie meer ellende is nie, nie meer pyn, maar net vreugde en vrede.

Amen.